Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

# INFO 20/2025

28 November 2025

## Van die skoolhoof

***Liewe GSDP-gemeenskap***

**Jakobus 1:17a: "Elke goeie geskenk en elke volmaakte gawe daal van bo af neer."**

Aan die begin van hierdie jaar het 2025 soos 'n onbekende pad voor ons gelê. Ons het nie geweet wat wag nie, maar vir die Here was niks onbekend nie. In sy volmaakte voorsienigheid het Hy ook hierdie jaar onderhou en regeer.

Nou, aan die einde van die jaar, kyk ons terug en sien ons hoe baie gebeur het. Daar was groot vreugde toe ses personeellede verbondskindjies ontvang het, daar was ook diepe hartseer waar familie geliefdes aan die dood afgestaan het. In ons gemeenskap is ouers met ernstige siektes gediagnoseer, ander het groot finansiële druk beleef en tog was daar ook dié wat uitkoms en verligting ontvang het.

Ons het saam pragtige hoogtepunte beleef: 'n geslaagde konsert, 'n betekenisvolle Bybelvasvra, 'n mooi Oupa-en-Oumadag, goeie sport- en kultuurprestasies en akademiese uitnemendheid. Die Here het deur al hierdie geleenthede kinders gevorm, geslyp en laat groei. Dit is alles goeie gawes wat van bo af neerdaal, gawes waarmee ons Hom mag dien.

Nou breek 'n tyd van rus aan. Die Here gun rus aan sy kinders, Hy weet wat ons nodig het, selfs beter as wat ons self weet. Hy roep ons om getrou te werk, maar ook om te rus. Hy gee aan ons 'n weeklikse rusdag om terug te kyk en weer nuwe moed te kry vir die week wat voorlê. So het Hy ook aan sy volk in die Ou Testament feeste gegee, tye waarin hul van hul gewone werk kon rus, soos ons vandag nog rondom Christelike feesdae stilstaan.

Die Desembervakansie val binne die Kersgety, 'n tyd om stadiger te leef en te besin. Dit is 'n geleentheid om terug te kyk na God se werk in 2025, om Sy hand deur die jaar raak te sien, en om te groei in ons verhouding met Hom. Wanneer ons sien hoe Hy ons gevorm, gedra en nader aan Hom getrek het, groei ons vertroue en ons afhanklikheid van Hom.

Hierdie tyd gaan nie net oor die aansteek van kerse en die aftel van inkopie-dae tot Kersfees nie. Dit gaan oor die wonder van Jesus Christus wat Mens geword het, gely het, en ons van die ewige dood verlos het. Hy tree vir ons in; Hy ken ons stryd, ons vreugdes en ons pyn, en Hy het dit vir ons oorwin.

Mag ons hierdie Kersfees onthou dat elke oomblik van hierdie jaar, elke seën, elke uitdaging, elke stukkie groei, moontlik is weens die wonder in die krip. Mag ons tyd maak om te rus, maar ook om diep te na te dink oor ons Vader se groot gawe van reddende genade wat in sy Seun Jesus Christus ons deelagtig geword het.

'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar word aan elkeen van u toegebid.



***Vriendelike groete***

*Saskia Meijer*

## Beplanner

- **3/12:** Skool sluit vir leerlinge
- **9/12:** Rapporte uit

**Datums vir 2026:**

- **14/01:** Skool open
- **17/01:** Huissport – te HTS John Vorster
- **22/01:** Laerskool atletiek te Eduplex
- **29/01:** Laerskool atletiek te Queenswood
- **6/02:** Hoërskool atletiek te Maragon
- **14/02:** ICO-atletiek te Oos-Moot (GSDP is gasheer)

Webtuiste

# Het jy geweet?

**GSDP se nuwe webwerf eersdaags aanlyn**

Gereformeerde Skool Dirk Postma is verheug om die bekendstelling van ons opgegradeerde webwerf aan te kondig! Die nuwe platform is van nuuts af ontwerp om ’n gerieflike toeganklike inligtingsbron te bied. Hy sal op 1 Desember amptelik aanlyn wees.

**Wat kan jy verwag?**

Navigeer moeiteloos met ons intuïtiewe uitleg en vind blitsvinnig presies waarna jy soek. Ontdek 'n omvattende oorsig van GSDP se ryk geskiedenis, kernwaardes en die onderskeie afdelings – hoërskool, laerskool en kleuterskool – elk met volledige inligting oor skoolure, vakkeuses en aktiwiteite.

Nuusbriewe en belangrike kennisgewings is nou net 'n kliek weg. Onderwysers kry ook hul eie spasies om vakkundige artikels, hersieningsmateriaal en nuttige hulpbronne te deel.

**Nuwe kenmerke wat jou verbind:**

- **Gemeenskapsforum** – 'n Lewendige bymekaarkomplek vir die Moot-gemeenskap om besighede, diensaksies en getuienisse te deel
- **Alumni-blad** – Netwerkgeleenthede, die Ambassadeurprogram en maniere om terug te ploeg
- **Grootouerblad** – Sluit aan by die Erfeniskring, ontvang uitnodigings na spesiale geleenthede en ontvang e-kaarte van kleinkinders
- **Jong gesinne-blad** – Vraag-en-antwoord, onderwyserinligting, inskrywingshulp en ouerskapshulpbronne
- **Sakegemeenskapsblad** – Inligting oor besigheidsontbyte, borgprogramme en netwerkgeleenthede
- **Internasionale ondersteunersblad** – Bly verbind met 'n wêreldkaart, virtuele geleenthede en aanlyn boodskappe

Besoek op **1 Desember** ons nuwe webwerf en ervaar hoe GSDP meer toeganklik en gemeenskapsgerig as ooit is!

## Neem kennis!

Die webtuiste sal vanaf **Vrydag 28 November** tot **Maandagoggend 1 Desember** gesluit wees vir die finalisering van die nuwe webtuiste.

## Nuwe WhatsApp-groep: Postma Hande

Ons skool is geseën met 'n **pragtige terrein** en 'n baie bekwame terreinbestuurder en span wat daagliks sorg dat alles netjies en veilig bly. Tog duik daar van tyd tot tyd kleinerige **onderhoudstake** op, dinge wat vinnig aandag benodig of waar 'n ekstra hand baie sal help.

Ons wil graag 'n **WhatsApp-groep** vir gewillige ouers begin wat graag 'n verskil wil maak deur hand by te sit waar moontlik. Die groep se doel is bloot om sulke take onder lede se aandag te bring — sonder enige verpligting — en dalk is daar dan iemand met die regte gereedskap of vaardigheid wat kan inspring om te help.

As jy handig is met verf, houtwerk, tuinwerk of net graag wil help waar jy kan, kan jy aan die skoolhoof 'n boodskap stuur wat jou op die groep sal voeg! Ons is **dankbaar** vir elke paar hande wat aanmeld.



# Biblioteek

Ons wil graag die skool se **biblioteekversameling** uitbrei met nuwe boeke. Indien u die vakansie bietjie skoonmaak en opruim en kindervriendelike boeke in ’n goeie toestand het wat oorbodig is, vra ons u vriendelik om die boeke aan die skool te skenk.

Daar is ’n groot leemte in die lees/storieboeke vir die ouderdomsgroep 10 jaar en ouer asook feite/naslaanboeke.

U is welkom om **Mev Janine Heikens** te kontak indien u graag boeke wil skenk.






# Huissport 2026

D.V. **17 Januarie 2026** meld atlete om 07:30 aan by spanbestuurders wat die dag se program met die atlete sal hanteer. Dit vind vind te HTS John Vorster vanaf **07:30 - 16:00** plaas.

**Laerskool:**

- Koedoes: Juf. Arina Linde
- Gemsbokke: Juf. Lara Botha
- Njalas: Tannie Natasha vd Walt  (Tuisskolers en kleuters wat nog nie Dirkies is nie)

**Hoërskool:**

Duikers, Impalas, Ratels en Kwaggas meld by spanleier aan.

**Spankleure/klere**:

Kleur van spanhemp saam met Dirkies atletiekbroek of gemaklike donkerblou oefenbroek (asseblief, geen ski-pants nie, atlete is welkom om 'n ski-pant onder hul atletiekbroek aan te trek.)

**Laerskool:**

- Koedoes: Rooi
- Gemsbokke: Blou
- Njalas: Groen (Tuisskolers en kleuters wat nog nie Dirkies is nie)

**Hoërskool:**

- Duikers: Blou
- Impalas: Rooi
- Ratels Groen
- Kwaggas: wit en/of swart

Die Versus-adminprogram word weer gebruik. Geen vooraf registrasie is nodig nie, aangesien al die leerlinge reeds geregistreer is vir al die items - neem dus so ver moontlik aan alles deel om punte vir jou span te kry.

Maak seker jy kry die vakansie ook bietjie oefening in, sodat jy **fiks** kan wees in Januarie!



# Kleuterskool

**Belangrike datums:**

**21 Januarie:** Inligtingsaand
**19 Februarie:** Kuieraand
**24 Maart:** Fotodag
**25 Maart:** Oueraand





# Laerskool

**Laaste-dag reëlings**

**Saalafsluiting:** 07:40.

Daar word formeel van die graad 7's afskeid geneem, **graad 7-ouers** is welkom om dit by te woon.

Na die saalafsluiting verdaag leerders na klasse. Biblioteekboeke moet asseblief dan ingehandig word sowel as handboeke wat nog nie ingegee is nie. Die klasse word dan opgeruim en laaste administrasie afgehandel.  Die skool kom **11:00** uit. Kleuters verdaag ook 11:00.

Rapporte word **9 Desember** van 08:00 - 09:00 in die parkeerarea van Kandelaar Kerk uitgedeel. Ouers kan dan ook pakkette kom afhaal.

# Hoërskool

## Reëlings vir 3 Desember

Daar is saalafsluiting om **07:40**. Na saalafsluiting gaan leerders hul handboeke ingee by die onderskeie vakonderwysers. Sodra almal se handboeke ingegee is, sal die **eksamensessie** begin. Ons hoop om teen **09:30** met die eksamen te kan begin. Sodra 'n groep leerders klaar geskryf is, mag hul huistoe gaan. Sien asseblief die eksamenrooster om te sien hoe lank die vraestelle is, om so te kan bepaal min of meer hoe laat u kind klaar geskryf gaan wees.

**Rapporte** word op **Dinsdag 9 Desember vanaf 8:00 tot 9:00** uitgedeel.

## Inligtingsaand 2026

Die Hoërskool se inligtingsaand is op DV Dinsdag 13 Januarie 2026 om 18:30 in die gebou van GK Kandelaar. Dit is belangrik dat alle ouers hierdie aand bywoon.

## Wetenskap Ekspo 2026

Teken solank Donderdag **14 Mei 2026** aan:


Die Ekspo sal plaasvind van 14h00 – 20h00 by die St. Mary's DSG in Pretoria.

Leerders van **graad 7 – 12** mag individueel of in spanne van twee leerders inskryf voor **31 Januarie 2026.**

Vir meer inligting kontak juf. Wenny Bouwmeester of juf. Renette van Dyk by die Hoërskool.



Aros
AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES



# Studeer ONDERWYS

Aros bied die volgende **ten volle geakkrediteerde** kwalifikasies aan:

- **Hoër Sertifikaat** in Onderwys
- BEd in **Grondslagfase**
- BEd in **Intermediêre Fase**
- BEd in **Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding**
- **Nagraadse Onderwyssertifikaat** in Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding
- BEdHons in **Kurrikulumstudie**
- BEdHons in **Leerondersteuning**
- BEdHons in **Onderwysbestuur en -leierskap**

Hier word **roepingsgedrewe en doelgerigte** studente vanuit 'n **Christelike** perspektief opgelei in **Afrikaans**, hul moedertaal.

www.aros.ac.za info@aros.ac.za 012 332 3227

# ABAKUS WISKUNDE BREINONTWIKKELING



Mini Genius 3 +

Kids Genius 5 +

A+ STUDENTS Genius Mathematics

- Leerders kry 'n liefde vir Wiskunde
- Verbeter fotogeniese brein funksies
- Ontwikkeling van groot - en fynmotoriese spiere
- Verbeter probleemoplossing
- Bou goeie selfvertroue
- Verbeter konsentrasie
- Ontwikkeling van hoofrekene

**Rachelle Freeman 0749560796**

---

**Wiskunde hulp by jou skool!**

**Is Wiskunde 'n uitdaging?**
**Ek is hier om te help!**

**Vir Graad R - Graad 7 leerders.**

## JUFFROU RACHELLE

**074 956 0796**

Kurrikulum Wiskunde klasse BY JOU SKOOL

Ons werk hand aan hand met die skool se onderwysers én assesseringsprogramme elke kwartaal.
Fokus: Deeglike inoefening van konsepte, herhaling van die week se werk, en hulp met huiswerk.

Resultaat: Selfvertroue en beter begrip in Wiskunde! Skryf nou in en sien die verskil!

Juffrou Rachelle - BEd Grondslagfase Graad,
Honneurs in Leerderondersteuning en
abakus Wiskunde aanbieder vanaf 2016

# Any Computer, internet, WiFi help and upgrades.

## PR COMPUTERS

Call us today

**0826915793**



**Ons praat jou taal!**



# Wen Wetenskap & Wiskunde / Win Science & Maths.

**Graad 10 tot Graad 12**
**Wetenskap Pakkette:**

- Teorieboek met opsommings, vrbe & verduidelikings.
- Flashy Flitskaarte.
- 20 Eksamen Vraestelle met Memo's.

**Grade 10 to Grade 12**
**Science Combos:**

- Theory Book with summaries, examples and step by step explanations .
- 20 Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

**Graad 8 tot Graad 12**
**Wiskunde Pakkette:**

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

**Grade 8 to Grade 12**
**Math Combos:**

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries.

LISTEN TO THE PODCAST OF HELENA SPEAKING ON RSG ON THIS LINK

PLEASE VISIT

HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA

HELENA - 0845103373

HV.VERWEY@GMAIL.COM

# Snapscan Kodes

GSDP-
SKOOLFONDS

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:</u>
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

GSDP-
BOUFONDS

## Ondersteun GSDP & Herwinning

### Blits




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### My school

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: Glasprojek

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2025 te wees.**

